HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 30 van 2026

23 Februarie 2026

Geagte skaakouer/-voog

Ons maak graag die volgende reëlings aan u bekend rakende die skaakseisoen van 2026.

Alle leerders van die skool is welkom om skaakoefening by te woon.

Leerders neem altyd in **formele skooldrag** vir skaakwedstryde deel.

Skaakwedstryde word óf deur die Gautengprovinsie se Onderwysdepartement, óf deur omliggende skole vir vriendskaplike wedstryde gereël.

Om aan departementele kampioenskappe deel te neem, moet leerders die volgende indien om in te skryf:

- ★ Afskrif van geboortesertifikaat
- ★ Kleur ID-foto van leerder
- ★ Ouertoestemmingvorm (sal by skool uitgedeel word)

Ouderdomsgroepe vir individuele deelname vir departementele kampioenskappe is o. 15- en o. 18- seuns en -dogters onderskeidelik.

Ouderdomsgroepe vir spanverband van skolekampioenskappe is ses spelers per span en die ouderdomsgroepe is: o. 15-, o. 17- en Oopspanseuns en -dogters onderskeidelik.

Ons deel graag moontlike datums wat vir Gauteng skaakkampioenskappe deur die Departement van Onderwys gedeel is:

Datum	Plek	Toernooi
25 Februarie 2026	Tuis	Ligawedstryd teen Trinityhouse Randpark
5 Maart 2026	Tuis	Ligawedstryd teen Curro Aurora
12 Maart 2026	Tuis	Ligawedstryd teen Northcliff High School
9 Mei 2026	Aanlyn	Alexander Forbes Battle *Chess Championship* uitdunne
16 Mei 2026	Nog nie bekend	Cluster Individuele Finale rondte
30 Mei 2026	Nog nie bekend	Distrik Individuele Finale rondte
1 Augustus 2026	Nog nie bekend	Streeks Individuele Finale rondte
1 Augustus 2026	Aanlyn	*Alexander Forbes Battle Chess Championships* Nasionale uitdunne

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

16 Augustus 2026	Aanlyn	Alexander Forbes *Battle Chess Championships* Top 16
22 Augustus 2026	Nog nie bekend	Distrik Top Skole Kampioenskappe
28 Augustus 2026	Nog nie bekend	Gauteng Top Skole Provinsiale Kampioenskappe
12 September 2026	Tuis	*Mzansi Clash of Schools*
11 Oktober 2026	Nog nie bekend	Provinsiale Individuele Finale rondte

Skaakoefening vind tans op 'n Woensdag van 14:00-15:00 in T10 plaas.

'n Leerder moet asb. seker maak hy/sy is op die *WhatsApp* groep om op hoogte van kommunikasie te bly.

Die ouers of voogde van skaakspelers is welkom om by die ouergroep vir *WhatsApp* aan te sluit.

Vriendelike Randjiegroete,

O. Campbell
Skaakorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof